

DISSIPELSKAP LES 25

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	<i>[KENMERK VAN GOD] GOD IS ONPEILBAAR</i>
---	------------------------	--

Definisie

Lees voor. Aanbidding is:

- 'n *houding* van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskillende vorme van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding stil by één kenmerk (eienskap) van God waarvoor ons Hom aanbid.

Meditasie

Aanbidding is bewondering en lofprysing van God.

Tema: Die God van die Bybel is onpeilbaar.

Lees die onderstaande Bybeltekste saam. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. God bestaan bo die beperking van tyd. En tog openbaar God Hom in die tyd.

Lees Psalm 90:4. Die “tyd” wat nodig was om die heelal te skep, is eintlik van 'n goddelike aard en kan nie uitgedruk word in terme van die menslike raamwerk van tyd nie, omdat “tyd” soos ons mense dit ken eers op die vierde skeppingsdag geskep is. Eers tóé kon mense 'n dag van 24 uur en 'n jaar van 365 dae bereken (Genesis 1:14). “In die begin” het God die heelal geskep met al die materiële liggame daarin, wat ook die aarde insluit (Genesis 1:1). Daarna het God sy skepping “in ses skeppingsdae voltooi” (Genesis 2:1). Die lengte van één skeppingsdag (Genesis 1:5) kan nie in terme van menslike tydsberekening uitgedruk word nie.

God is nie gebind deur die beperkings van sy skepping nie en dus ook nie onderhewig aan die menslike “tyd” wat Hyself geskep het. Hy is nie gebonde aan 'n raamwerk van tyd met 'n verlede, hede en toekoms nie. Hy is bó die beperkings van menslike tyd en gebeure in die tyd (die menslike geskiedenis). God kan as't ware die menslike tyd versnel of vertraag. Hy kan dus ook teruggaan in die verlede of vooruitloop in die toekoms in.

God staan bokant die menslike raamwerk van tyd. Hy ken en beheer die gebeure in die menslike geskiedenis met absolute soewereine mag. Maar hoewel God bó die beperkings van die geskape menslike raamwerk van tyd staan, het Hy Hom in die menslike geskiedenis geopenbaar! Deur naas sy goddelike natuur ook die menslike natuur aan te neem, het God sy skepping en die menslike tyd en geskiedenis binnegekom. Dit was die enigste manier waarop God Homself volkome kenbaar kon maak aan die mense wat Hy geskep het (Galasiërs 4:4; 1 Johannes 1:1).

2. God se gedagtes is onpeilbaar. En tóg kan mens begryp wat God sê.

Lees Jesaja 55:8-9; Deuteronomium 29:29. God het baie gedagtes en planne wat Hy nie aan die mens geopenbaar het nie. God se gedagte m.b.t. hoe Hy die heelal geskep het, sy gedagtes oor die oorsprong van die kwaad, sy gedagtes waarom Hy toegelaat het dat die mens in sonde val, en nog baie gedagtes oor verlossing en oordeel van mense het Hy NIE aan die mens geopenbaar nie. God se gedagte oor bepaalde aspekte van sy Goddelike Wese en sy heilsplan in die menslike geskiedenis het Hy ook nie aan die mens geopenbaar nie. God se planne vir ons persoonlike lewe en sy weë (die manier waarop Hy dinge in die lewe doen) het Hy ook nie aan mense geopenbaar nie. Al dergelike dinge behoort tot “God se verborge dinge”, d.w.s. hulle behoort tot God se ewige raadsbesluit (plan) en kan nie deur mense deurgrond/verstaan of uitgeredeneer word nie. Die verborge dinge hoort by God alleen. Byvoorbeeld, God openbaar nie waarom Hy bepaalde ouers vir ons kies nie, of wanneer Hy besluit dat ons gebore word nie, waar Hy besluit dat ons op die aarde woon nie, waarom Hy ons bepaalde liggaamlike, emosionele en intellektuele eienskappe gegee het nie, ens. Tóg pas al die dinge wat Hy nie geopenbaar het nie, volmaak in sy ewige, soewereine en volmaakte plan vir ons lewe in!

Maar daar is baie dinge wat God wél aan mense geopenbaar het! God het aspekte van sy Goddelike Wese en karakter geopenbaar. Hy het ook die sondeval en sy verlossingsplan in die menslike geskiedenis geopenbaar. Al sulke sake behoort tot “die geopenbaarde dinge”. Die geopenbaarde dinge kom mense en hulle kinders toe. Ons kan hierdie dinge weet en behoort hierdie dinge te weet!

3. God se mag is onpeilbaar.

Lees Jeremia 32:17,27. God het die heelal geskep deur sy almag! Niks is vir Hom onmoontlik nie! Menslike onvermoë, probleme, onbekwaamhede (fisies, verstandelik, emosioneel, sosiaal, ens.), teenslae en ongelukke kan nooit God se planne verydel nie! Hulle kan nie God se doeleindes dwarsboom nie! Hulle kan vir mense probleme wees, maar nie vir God nie! Vir God is niks onmoontlik nie (Lukas 1:37)! God is almagtig in die groot heelal. Hy doen wat Hom behaag/wat Hy wil en voer sy planne 100% uit. “Die Here die Almagtige het ’n eed afgelê: Soos Ek My voorgeneem het, so sal dit wees, wat Ek besluit het, sal gebeur... Die Here die Almagtige het dit besluit; wie sal dit kan verydel? Sy hand is uitgesteek; wie sal die oordeel kan afweer?” (Jesaja 14:24,27) Daarom mag ons glo dat wat ook al met sy kinders gebeur, sy toestemming het!

4. God se kennis is onpeilbaar.

Lees Psalm 139:1-4. God sien en wéét alles! Hy sien wat vir mense sigbaar én onsigbaar is. Hy sien wat uiterlik en innerlik is. Hy sien die fisiese, verstandelike, emosionele, sosiale en geestelike werklikhede. Niks van wat geskep is bly vir Hom verborge nie. Alles is oop en bloot en volkome sigbaar vir die oë van Hom aan Wie alle mense rekenskap moet gee (Hebreërs 4:13). God weet alles wat ons droom, dink, voel, sê en doen. God ken ons motiewe en houding van ons hart. Daarom kan Christene volkome oop/transparant en sonder vrees lewe.

5. God se nabyheid is onpeilbaar.

Lees Psalm 139:7-12. God is Gees. Hy word nie beperk deur ’n fisiese liggaam of tot één plek op die wêreld nie. Hy is alomteenwoordig in die geskape heelal en daarbuite. Niemand kan hom vir God verberg/wegsteek nie. Niemand kan na ’n plek toe vlug waar God nie sou wees nie.

Gevolgtrekking. Alhoewel geen mens die wese en persoonlikheid van God, sy volmaakte eienskappe en nabyheid, sy planne en motiewe kan deurgrond nie, kan mense tog sy gedagtes, woorde en daede ken in die mate wat Hy dit in die Bybel en in Jesus Christus geopenbaar het.

Aanbidding

Aanbid God as onpeilbaar. Doen dit kort, deur elkeen ’n beurt te gee, of in klein groepies van drie persone.

3	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] GENESIS 1:1 – 4:26
---	------------------	-----------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeelte geleer het (Genesis 1:1 – 4:26). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy sê nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[STILTETYE] DIE VRAE METODE
---	----------------------	---------------------------------

Inleiding. As jy elke dag tyd maak om met Jesus Christus om te gaan, gaan jy ontdek watter seëninge God vir jou weggeleë het. ’n Daaglikse opsy gesette tyd om met God om te gaan is inderdaad die belangrikste gewoonte wat ’n Christen kan aanleer. In handleiding 1 het jy “die uitgekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode vir stiltetyd” geleer. Nou leer ons ’n tweede metode: “die vrae metode vir stiltetyd”. Kies telkens die metode wat jy die meeste van hou.

A. MOTIVERING VIR ’N DAAGLIKSE OPSY GESETTE TYD VIR ONGANG MET GOD (CHRISTUS)

1. Die begin van omgang met Jesus Christus.

Lees Johannes 6:27-29; Johannes 8:24.

Omgang met Jesus Christus begin by geloof in Hom. Sonder geloof word niemand gered nie. Sonder geloof kan niemand met Jesus Christus omgang of gemeenskap hê nie. Daarom kan jy eers omgang met Christus leer en ervaar nadat jy Hom as jou Verlosser en Here aangeneem het.

2. Redes vir omgang/gemeenskap met Jesus Christus.

Ontdek en bespreek. Waarom is omgang met Jesus Christus onontbeerlik vir ’n Christen?

(1) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om genade en waarheid te ervaar.

Lees Johannes 1:16-17. Jesus Christus het genade en waarheid gebring. Omgang met Christus bring die genade en waarheid na ons toe. Dis nie waar dat Christene ’n lang lys van reëls en wette moet nakom, of dinge níe moet doen nie, om God tevrede te kan stel. Só ’n Christendom sou ’n swaar en onmoontlike las wees om te dra. Deur die dood en

opstanding van Jesus Christus is genade beskikbaar. Genade vergewe sonde en stel ons in staat om God te gehoorsaam. Ook die waarheid aangaande God en mens, sonde en verlossing, en hoe om as Christen te lewe is tot ons beskikking. 'n Daaglikse omgang met Jesus Christus gee ons die ryke ervaring van hoe Jesus Christus ons "genade op genade" skenk. Dis soos die golwe van die see wat onophoudelik aanrol na die strand toe! Niemand sou tog hierdie genade wil mis nie!

(2) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om onself te leer ken.

Lees Johannes 2:25. Ons mag dink dat ons onself ken. Tog is dit net Jesus Christus Wat ons deur en deur ken. Omgang met Jesus Christus maak dat ons onself leer ken soos ons werklik is. Omdat Jesus Christus alles van ons weet, ons swakhede en ons moontlikhede, help Hy ons om ons persoonlikheid en karakter te ontwikkel d.m.v. ons omgang met Hom.

(3) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om aanvaarding te ervaar.

Lees Johannes 6:37. Omgang met Jesus Christus bring aanvaarding. Elke mens het drie emosionele behoeftes wat bevredig moet word: aanvaarding, veiligheid en betekenisvolheid. Omgang met Jesus Christus gee ons die ryk ervaring dat ons deur Hom aanvaar word net soos ons is, met al ons swakhede en snaaksighede. Ons voel aanvaarding en weet dat ons geliefd is en benodig word!

(4) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om God se leiding te ervaar.

Lees Johannes 8:12. As ons in die lig van Jesus Christus wandel, leer ons God sien soos Hy is, sien ons die pad wat God wil hê wat ons sal volg en sien ons die goeie keuses en beslissings wat ons moet maak. Dan weet ons wie ons behoort te wees en wat ons behoort te doen.

(5) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om ware vryheid te ervaar.

Lees Johannes 8:31-32. Omgang met Jesus Christus bring vir die hele mens vryheid. Ons is dan vry van onkunde en leuens. Ons word bevry van slegte gedagtes, slegte motiewe, slegte houdings, slegte gewoontes en slegte verhoudings. Omgang met Jesus Christus bevry ons van alles wat ons bind!

(6) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om veiligheid en sekuriteit te ervaar.

Lees Johannes 10:27-28. Gemeenskap/omgang met Jesus Christus bring veiligheid en sekuriteit. Geen mens en geen omstandigheid kan ons uit sy hand roof nie. Alles wat met ons gebeur het sy soewereine toestemming (Romeine 8:28). Niks en niemand kan ons skei van die liefde wat God vir ons het nie (Romeine 8:37-39)!

(7) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om God se liefde en nabyheid te ervaar.

Lees Johannes 14:21,23. Gemeenskap/omgang met Jesus Christus laat ons God se liefde en nabyheid ervaar. Ons ervaar maar net weer en weer sy geduld met ons, sy vriendelikheid en vertroue. Hy bemoedig ons, spoor ons aan en laat ons sy nabyheid in menige omstandighede werklik ervaar.

(8) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om betekenisvol te voel.

Lees Johannes 15:5. Omgang met Jesus Christus maak dat ons baie vrug dra. As ons geen omgang met Christus het nie, dan het ons geen blywende invloed of bydrae in die lewe nie. Maar omgang/gemeenskap met Christus maak dat ons lewe vol betekenis word vir onself en vir andere. Dan dra ons vrug vir die ewigheid. Ons ervaar dat Christus ons gebruik om mense en gebeurtenisse te beïnvloed.

(9) Omgang met Christus is absoluut noodsaaklik om ware vriendskap te ervaar.

Lees Johannes 15:14-15. Omgang met Jesus Christus bring 'n hegte vriendskap met Christus en bring ander vriende in ons lewe in. In sy vriendskap met ons neem Hy die inisiatief en bring offers. Hy trek ons hoër op na 'n lewe van gehoorsaamheid. En Hy deel sy diepste gedagtes met ons.

Samenvatting. Daaglikse omgang/gemeenskap met Jesus Christus, veral d.m.v. stiltetyd, laat ons die wonderlike seëninge, wat God vir ons beplan het, ervaar (Efesiërs 1:3).

B. METODE (Die vroe metode vir stiltetyd)

"Stiltetyd" is 'n tyd wat jy opsyt en jou afsonder om met God (Christus) om te gaan, veral d.m.v. Bybellees en gebed. Die "vroe" metode het ook vyf stappe.

1. Bid.

Begin jou stiltetyd met gebed waarin jy bewustelik in die teenwoordigheid van God ingaan. Vra God om persoonlik met jou te praat deur sy woorde in die Bybel en deur sy Gees wat in jou woon. Vra Hom om jou lewe te vernuwe en te versterk deur die oordenking van sy woord.

Jy sou byvoorbeeld kon bid: "Here, openbaar aan my Wie U is?" "Laat my weer bewus word van U liefde." "Wys my die weg wat ek moet gaan." "Leer my om U wil te doen." "Laat U goeie Gees my lei" (Psalm 143:8,10). "Laat my vandag U stem hoor" (Hebreeërs 3:15). "Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet (Woord) ervaar" (Psalm 119:18).

2. Lees jou Bybel.

Lees elke dag 'n gedeelte, 'n halwe of 'n hele hoofstuk uit die Bybel. Jy kan gebruik maak van 'n Bybelleesrooster (vgl. Handleiding 1, supplement 2). In die Dota kursus is daar aan die einde van elke les voorbereiding wat gedoen kan word vóór die volgende les; dit sluit ongeveer 3½ hoofstukke uit die Bybel in, waaruit jy stiltetyd kan hou vóór die volgende byeenkoms. Die bedoeling is dat elkeen in die dissipelskap groep (Dota groep) tussen elke les stiltetyd hou uit dieselfde Bybelgedeeltes. Jy kan ook gebruik maak van 'n Bybelmerksisteem (vgl. Handleiding 1, supplement 3).

'n Klein groepie Christene kan elke dag saamkom om met God omgang/gemeenskap te hê d.m.v. stiltetyd. Dit stimuleer elkeen om daaglik omgang/gemeenskap met God te hê. In sommige lande kom Christene elke oggend baie vroeg bymekaar om stiltetyd te hou, die Bybel te lees en saam te bid.

3. Kies vrae.

Kies één of 'n paar vrae van die onderwerpe waaroor jy meer wil leer. Gebruik één of meer van die volgende vrae:

Vraag 1. Om God te leer ken.

Wat leer ek oor God (of Christus of die Heilige Gees) in die Bybel? Hoe is Hy? Wat sê Hy? Wat doen Hy? Wat sê Hy nou vir my? Byvoorbeeld die twee vrae van Paulus in Handeling 22:8,10. "Wie is U, Here?" "Wat moet ek doen, Here?"

Vraag 2. Om mense te leer ken.

Wat leer ek in die Bybel van mense? Hoe is mense? Waartoe praat hulle? Wat doen hulle? Wat is hulle motiewe, houding, verlangens, vaardighede, hoogtepunte wat hulle bereik het en foute wat hulle maak?

Vraag 3. Om myself te leer ken.

Wat leer ek oor myself in die Bybel? Waar kom ek vandaan? Wie is ek? Waarom is ek hier? Waar gaan ek heen? Wat glo ek en wat behoort ek te glo? Wat doen ek of het ek nié gedoen nie wat ek moes gedoen het? Wat kan ek word?

Vraag 4. Verandering.

Wat wil God hê dat ek moet weet of glo? Wat wil God hê dat ek moet wees of doen? Watter antwoord gee ek op sy Woord? Watter reaksie verwag God van my?

Vraag 5. Evaluering.

Waar staan ek in verhouding tot Jesus Christus? Waar sou ek graag wil staan in verhouding tot Jesus Christus?

Vraag 6. Begrip/Verstaan.

Wat begryp ek nié en sou ek vir my dissipelskap groep wil vra?

Vraag 7. Gevoelens en emosies onder die vergrootglas geplaas.

Wat voel ek n.a.v. wat ek in die Bybel lees? Maak dit my bang of gee dit my hoop? Voel ek ongemaklik of is ek bemoedig?

Vraag 8. Bediening aanpak.

Hoe gaan Jesus om met mense? Hoe dien Jesus mense? Hoe onderrig Jesus mense? Hoe rus Jesus sy dissipels toe? Hoe beantwoord Jesus vrae? Hoe reageer Jesus op bedruktheid of moeilikhede?

Vraag 9. Ontwikkeling van verhoudings.

Hoe behoort ek met andere Christene om te gaan? Hoe moet ek op valse profete en leraars reageer? Hoe moet ek met slegte mense omgaan? Hoe behoort ek om te gaan met die armes, die verdruktes en die gestremdes?

Vraag 10. Karakterontwikkeling.

Watter deug of christelike karaktereienskap behoort ek te ontwikkel?

4. Oordink jou ontdekkings.

Verdiep jou in of dink na oor jou ontdekkings, omdat jy die waarheid wil begryp en daaruit krag wil put. Wanneer Christene God se Woord oordink (mediteer), doen hulle die volgende:

Dink na.

Jy wil begryp wat God sê. Daarom dink jy na oor die betekenis van die woorde in die Bybel.

Bid.

Jy wil weet wat God vir jou sê. Daarom bid jy saggies in jou hart tot God en vra wat Hy vir jou wil sê. Vra Hom om die waarheid aan jou te verduidelik. Vra Hom hoe hierdie waarheid in jou lewe behoort te funksioneer. Bespreek sake biddend met God. Verwag om God se stem in jou gees te hoor.

Bring verband.

Jy wil die waarheid toepas (gehoorsaam). Daarom bring jy die waarheid in die Bybel na jou eie lewe toe of na die lewe in die samelewing. Stel jouself die volgende vrae: "Wat is my behoefte in die lig van hierdie waarheid?" "Hoe vernuwe of versterk hierdie waarheid my lewe?" "Wat wil God hê moet ek weet, geloof, wees of doen?"

Skryf.

Jy wil die waarheid onthou en met andere deel. Daarom skryf jy die belangrikste gedagtes oor jou meditasie in jou eie woorde in jou stiltetyd notaboek op.

5. Bid oor jou antwoord.

Bid in antwoord op God se Woord. Bid kortliks oor wat God vir jou gesê het.

C. PRAKTIESE VOORSTELLE VIR STILTETYD

1. 'n Daaglikse gewoonte.

- Hou daaglik stiltetyd – alleen of met iemand anders of in 'n klein groepie.
- Jy kan dit soggens in die middag of saans doen. Doen dit wanneer dit jou die beste pas.
- Maak gebruik van die gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode vir stiltetyd of van die vroe metode vir stiltetyd.
- Maak gebruik van 'n Bybelleesprogram en 'n Bybelmerksistiem.

2. Skryf jou gedagtes neer.

Skryf jou gedagtes as volg neer:

- Die datum.
- Die Bybelgedeelte wat jy vir jou stiltetyd gelees het.
- Die vraag of vroe wat jy gebruik het.
- Die belangrikste antwoorde wat jy gevind het vir die vroe en wat jy graag wil onthou, uitvoer of deel.

Die formulering en opteken van jou gedagtes sal jou help om God se Woord beter te begryp, te onthou en met andere te deel. Die aantekening in jou stiltetyd notaboek sal jou help om te sien hoe God besig is om jou te lei.

3. Deel een van jou stiltetye in die groep.

Deel tydens elke byeenkoms saam met jou dissipelskap groep of Bybelstudiekring één van jou stiltetye van die afgelope week of 14 dae. Maak vir elke byeenkoms vooraf 'n keuse oor watter stiltetyd jy met die groep wil deel. Jy mag natuurlik gewoon net voorlees wat jy neergeskryf het.

4. Persoonlike stiltetyd met God as groep.

Hou stiltetyd saam as 'n klein groepie. Gebruik die vroe metode vir stiltetyd. Besluit saam watter vraag/vroe julle gaan gebruik. Deel daarna die ontdekkings met mekaar. Bid saam oor wat jy/julle ontdek het.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
---	------------------	---

Bid saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kortliks (in één of twee sinne) tot God te reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel 'n strokie papier met die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Oefen die vroe metode vir stiltetyd. Kies byvoorbeeld Psalm 34 en bedink jou eie vraag. Verkondig, leer of bestudeer die studie oor die vroe metode vir stiltetyd met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Genesis 6:1 – 9:28. Maak gebruik van die vroe metode vir stiltetyd en maak kort aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Genesis 1:24 – 2:25. Tema: Die kulturele taak van die gemeente. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om stiltetyd te hou.